

**Titel: Perfekte liefde**  
**Pastoor: De Waal Esterhuizen**  
**Datum: 15 Augustus 2010**  
**Tyd: 09h30**



**a. perfekte liefde**

**1. is daar so iets?**

- Die Bybelse antwoord sal ja wees
- Agape

**2. kan ons dit hê?**

- **Wel...ja sal 'n bybelse antwoord wees**

**Matt 5:43-48**

<sup>43</sup> Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. <sup>44</sup> Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; <sup>45</sup> sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. <sup>46</sup> Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? <sup>47</sup> En as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie? <sup>48</sup> Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.

- **Hoe kan ons daar uitkom? Dalk 'n beter vraag.**
- **1 Kor 13 styl**
- **Dit kan oorweldigend lyk**
- **Liefde doen vs ons doen**

**3. 'n sprong van geloof**

- Wêreld wil kennis skei van geloof
- Om 'n sprong van geloof te neem, moet jy ten minste op iets staan
- Is daar metode of orde in geestelike lewe?

**4. Om lief te hê is 'n proses**

- met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg
- Nougesetheid/diligence

**b. die proses**

**1. geloof**

- Dit is die beginpunt
- Nie 'n sprong in die onbekende in nie

**Rom 10:17**

Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

- Jy glo op basis van wat jy gehoor het, verstaan het, oor gedink het

## **2. voeg by jou geloof, deug**

- Geneigtheid tot wat goed is
- Strewe om die goeie te doen
- Morele uitnemendheid

## **3. voeg by jou deug, kennis**

- Wat iemand ken of weet
- Die geheel van wat iemand weet
- Lees (ander boeke as net die Bybel en Kringe in 'n bos) (Vat die vleis, spoeg uit die bene)
- Doen bybelskool
- Vra

## **4. voeg by jou kennis, selfbeheersing**

- Die bedwing van 'n mens se drifte en hartstogte
- Om te doen wat jy jou voorneem om te doen
- Nie deur wilskrag nie
- Deur begrip en oefening

## **5. voeg by jou selfbeheersing, lydsaamheid**

- Geduldig, gelate, berustend
- Hou aan en moenie moed opgee nie

## **6. voeg by jou lydsaamheid, godsvrug**

- Godsdienstige toegewydheid; Godvresendheid
- Om in daardie plek van afhanklike tevredenheid voor God te leef

## **7. voeg by jou godsvrug, broederlike liefde**

- Om jou broers en susters lief te he
- Vriendelike ondersteunende liefde

## **8. voeg by jou broederlike liefde, naaste liefde**

- Agape liefde
- Om lief te he soos Jesus

## **9. neem klein treetjies**

- Wees doelgerig in jou geestelike groeiproses
- Moenie jouself afskryf as jy nie Agape liefde toon net na jy gered geraak het nie
- Vertrou die Heilige Gees